Volume1, Uitgawe 2, Somer 2016/17

# Die Elander

Nuusbrief vir S.A.W.A Streek Elandsrand Boksburg & Alberton

Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie
South African Caravan Association

## Jeug Uitgawe



*Elandsrand Kleur-fees op Klipdraai Nov, 2016*

# Kinders, Kleur en Gees

**Wat beteken kamp vir my...** Deur: Jessica van Zyl. (15)

Gee my 'n bietjie meer son, 'n bietjie meer bosveld, gras tussen my tone met elke tree, 'n kamperskind sal ek altyd bly.

Kamp is nie vir almal nie. Enige normale persoon sal veel eerder voor die televisie sit of in 'n 4-ster hotel bly as om te sukkel om tent op te slaan, deur die wind verwaai te word, deur die son verbrand te word of deur die reën weggespoel te word. Maar nie ons nie, ons is kampers! Nie eers bobbejane wat ons beskuit steel, of die beeste en bokke wat tussen ons karavane deurloop, maak ons bang nie.

Kamp is meer as net 'n woord. Dis 'n leefstyl. Kamp beteken vir my meer as net tent opslaan en plaatkoekies bak. Dit is waar ek myself weer vind, tussen die natuur en die mense.

Om eerlik te wees, ek dink nie ons kamp vir die natuur of om uit kom nie. Ons kamp vir die mense, die kuier, die kampvuur wat vuurwarm brand, terwyl almal hulle stories deel, daai gevoel om tussen 'n groep mense te wees waar jy net jouself kan wees, en vergeet wat in jou daaglikse lewe aangaan.

Kamp is om in die rivier te swem, heeldag op 'n bootjie in die middel van die dam se sit en te maak of jy visvang, terwyl jy eintlik al die chippies en sweeties opeet, terwyl die ander hulle lyne van mekaar af probeer kry. Kamp is om mekaar met modder te gooi en die hele kamp plat met jou fiets te ry. Kamp is om roomys te eet tot jou maag seer is en dan in die swembad te spring en soos 'n sinker te voel. Om te swem van sonsopkom tot sonsondergaan en soos 'n gebraaide snoek te lyk. Kamp is om "marshmallows" te braai tot jou stokkie pikswart en jou vingers taai is.

Kamp is 'n gevoel wat jy op 'n Donderdagaand kry wanneer alles klaar gepak is. Die "butterflies" op jou maag wanneer die skoolklok Vrydagmiddag lui. Dis daardie oomblik van teleurstelling wanneer die karavaan Sondagmiddag gehak is en al wat jy wil doen, is om jou ouers te vermy. Kamp is meer as 'n tent en 'n karavaan.

Kamp is nie vir almal nie en jy kan dit nie verduidelik nie. Dis 'n gevoel, dis 'n emosie, dis 'n leefstyl, dis die herinneringe wat vir altyd in jou kop geprint is. Kamp is soos 'n gogga wat jou byt, die eerste een is gewoonlik onaangenaam, maar die mense maak dit die moeite werd. Teen die tweede kamp het die virus klaar versprei, die aansluitingsvorms is geteken en jy wag vir daardie eerste plaatjie op jou deur.

*Geredigeer, Foto : Nico Zwarts*

# New Experience for Everyone…

## The Youth Camp November 2016 By: Erica Alberts (13) Fotos: Michele Pretorius

Why did I describe it as "a New Experience for everyone"? Well, for me personally the most memorable and exciting bit at the youth camp was the crazy and adventurous Colour-fest.



With everyone running around, hunting out and sneaking up behind a few friends, they wished to give a splash of colourful surprise. In our hair and faces, everywhere really, we were covered in coloured powder. This was an experience and memory, I will never forget.

Afterwards we were quite the sight of thick yellow and brown faces. Above all, it was wonderful seeing all my friends having a fun time. Thinking about it now it brought a sense of comfort and warmth to me, as I am sure it did you. In addition, a special "THANK YOU" to Derrick and Elzabie Nelson for arranging the colour-fest. It was a wonderful time that no one will ever forget.



The second most memorable event that took place at the youth camp was the ridiculous, yet riveting… "Youth games!" From stuffing as many biscuits and marshmallows in your mouth to crawling in mud and sliding on soap, the games were enjoyed by both the 2016 youth and the 1950s youth. Yes, that is right the oldies were also plunging their faces in flour to retrieve the Smarties.

This reminds me of the very floury surprise we gave our leader, Uncle Derrick. Secretly sneaking up behind him with a tub of water and another with flour? You should be able to connect the dots and imagine what happened to him after that.

So in hindsight, the youth camp at Klipdraai were intended for the youth, but ended up giving a pleasurable memory and experience for the adults as well. I hope this article will help you realise what a fantastic group of people we are at SAWA Elandsrand. *Edited*

*Left: Chané and I with yellow and brown powdered faces at the color fest at Klipdraai*
*Below: Uncle Derrick gets it all in the face...lol.*





# Ek gaan ook eendag kamp as ek groot is...

Deur: Zandrie De Beer



Ek hou van kamp want dis vir my lekker om saam met my maatjies te speel en te swem. Ek hou daarvan om in die aand vleis en “marshmallows” te braai. Ek hou van Sondagskool by oom Derrick en ek gaan ook eendag kamp as ek groot is.

Ek hou van koffie drink in die oggende en te kyk hoe die son opkom. Dis lekker om by die swembad te sit en roomys te eet saam met my maatjies.

# Die kamp is lekker as ons “shows” het en bad.

Deur: Lindie De Beer.

Die kamp is lekker as ons "shows" hou en bad. Dis lekker om te gaan swem en lekker om daar te wees
Dis lekker in die aand by die kamp.



## Binne hierdie uitgawe.
## Inside this issue.

“Kinders, Kleur en Gees.” Wat kamp vir my beteken! Voorblad

**Wat Kamp Vir My Beteken (Jeug Uitgawe )**

- **“New Exsperience for everyone” bl. 1**
- **“Ek gaan ook eendag kamp as ek groot is.” bl. 2**
- **“Die kamp is lekker as ons “show’s” het en bad. bl. 2**
- **“Want ek is in die natuur.” bl. 3**
- **“Dit is soos ’n wegbreek van alles” bl. 3**
- **“Om saam met ouma en oupa te kamp” bl. 3**
- **“Ek en my makies” bl. 4**
- **“Want dit is lekker” bl. 4**
- **“Ons “partys” is “awesome” bl. 4**
- **“Want ek kan swem” bl. 5**
- **“Ninke Scholtz” bl. 5**
- **“Skoolwerk is stresvol” bl. 5**
- **“Ek voel veilig by SAWA Elandsrand” bl. 6**
- **“Wat maak kamp lekker” bl.6**

“Ai maar ons laaik kamp kwaai”
Jeug Saamtrek November 2016 (Kamp verslag) bl. 7-10

“# Holiday chear” ( youth camp Chrismas Dinner) bl. 11

“Kamp soos Tannie Kobie en Oom Leon”
(Toekennings, Jeug Saamtrek Klipdraai 2016) bl.12

“Die Woord” (God is in beheer) bl. 13
“SAWA Nuus, Gebied Oosrandia” bl. 13
“Mnr die Voorsitter” Voorsittersverslag bl. 14

“Antonie se my naam is Blertsie”
(Kry vir Bokkie ’n naam, Kompetiesie) bl. 14

“ ’n Tuisblyers verhaal” (Tuisblyers Kamp Desember ‘16 ) bl.15-18
“Kersfees saam met die groot kinders” bl. 19
“Lief en Leed” bl. 20
“Die Swanepoels in 2016 bl. 20
“Liekie en Mark is klaar met tent kamp” bl. 21
“Gaste, ’n woonwa en toe lede” bl. 21
“Lief en Leed “ bl. 21
“Tannie Dana reël ’n “Date” bl. 22
“Doll byt vas vir 22 jaar” bl. 22

“Pass the parcel” op Riverside”
( Riverside Beach Klub Januarie 2017, Kamp verslag) bl. 23

“Veels geluk liewe maatjie” (Verjaarsdae) bl. 23
“Mielie Brood met Houding” (Elandvoer, Resepte) bl. 24
“Jy mag treintjie sleep maar” (Jy die wed en jou woonwa) bl. 24
“Plaatjies, Merietes ensovoorts” bl. 25
“Jeug Elander / Junior Elander” bl. 26
“Wanted” (Raai die foto kompitiesie” bl. 29
“Kamp program / kalender 2017” bl. 30
“Redaksioneel” bl. 31
“ SAWA en Elandsrand kontak besonderhede” bl. 33
**“ Agterblad”**

# Want ek is in die natuur…! 
Deur: Ewald Smit. (13)

Ewald

Ek geniet om te kamp elke maand want ek is in die natuur en speel saam al my maats


Ewald op Kersvader se skoot, lol.

# "Dit is soos ŉ klein wegbreek van alles"
Deur Armand Smit. (15)

Dit is lekker vir my om elke maand te kamp omdat jy in n ander omgewing is. n Mens is altyd in die stad of dorp behalwe as jy gaan kamp. As jy gaan kamp is n mens in die natuur saam jou vriende en familie. Dit is soos n klein weg breek van alles. n klein en kort breuk saam met jou vriende. Ek kan nie my lewe sonder kamp en Elandsrand in dink nie.


Armand, die appels en die meel…?

# Om saam met Ouma en Oupa te kamp.
Deur: Brent Whitcomb (Fotos: Michelle Pretoruis)


Brent na die "Color Fest" in November by Klipdraai

Dit is vir my baie lekker om saam met my Oupa en Ouma te kamp omdat ons tyd saam met vriende spandeer, ons geniet dit om nuwe vriende te maak en te leer ken.


Die drie kampe wat ek sal onthou saam met Elandsrand is die Presidente, die Gebieds en die AJV. Al die jeugkampe was verskriklik lekker maar verlede jaar s'n vat die koek! Baie dankie vir my Oupa en Ouma wat my altyd saamvat, en Elandsrand vir die beste kampe!

Ons was ook vir eerste week van Januarie vir drie nagte Krugerwildtuin toe, waar ons in Krokodilbrug gebly het. Dit was regtig baie lekker en ons het onder andere die volgende diere gesien: Leeus, Olifante, Renosters, Buffels, Wildehonde en Jagluiperde. Ons het dit terdee geniet en wil sommer gou weer gaan!

*"Sluk boetie, sluk" Brent sluk jelly vir sy span!*



## "Ek en my makies..." Deur Jena Nelson (8).


Ek hou van kamp want
Ek speel lekker speletjies
Met my makies.
Ek en my makies swem
lekker
ons braai lekker kos en maasmelbse
op die vuur.




## Want dit is lekker Deur : Eldrich Scholtz (7)


Kyk ma, meel..!


Want dit is lekker om dat jy jou
maats sien. jy swem jy koop snoepie
jy ry viets. jy braai vlys groete Eldrich. :)

## "Ons parties is "awesome." Deur: Dean van Onselen (10)


I ♡ camping because we can braai
and swim.
I like camping because I can see
my friends.
Our parties at camp is awesome

Dene… jy is "awesome !"




# "Want ek kan swem" Deur: Kaylie Schutte (6).


EK hOU Van KamP
Want EK Kan SWEm
En SPeeL. EK hOU Van
aLmaL Wat Saam Kamp.
kaylie Schutte


Kaylie Schutte op haar eerste dag van groot skool Januarie 2017






EK hou v Pl
Sondag Skool
by blEKpMP.
Ninke


Ninke Scholtz (5)

Ninke speel in die sand by Bass Lake in 2016


# "Skool en werk is stresvol: Deur: Chané Nelson (16).



Hoekom hou ek van kamp?
Ek dink almal sal saam my stem as ek sê dat skool en werk stresvol is, ek dink almal het 'n breuk nodig van die allerdaagse drama van ons lewens. Ek hou daarvan om te kamp want ek kan 'n bietjie uit die huis uit, ek bewonder die natuur en spandeer tyd met familie en vriende en vir die vir wie ek baie lief is
Chané


Chane by haar huis in Alberton

# "Ek voel veilig by Sawa Elandsrand: Deur: Numike Schutte (11)






# "Om in die natuur te wees" Deur: Kevin van Zyl (11)

Wat maak Kamp lekker

Kamp is lekker want dan kan ek heeldag buite speel saam my maatjies.

Om in die natuur te wees is baie lekker, want daar is baie gras waar ons Krieket kan speel.

Ons kan heeldag swem, roomys eet en in die son speel.

Wanneer dit weer tyd is om te gaan kamp, kan ek nie wag nie.

Kevin van Zyl


Kevin maak reg vir krieket oefening

# Ai maar ons "laaik kamp kwaai..."

## Jeugsaamtrek November 2016 Klipdraai" Deur: Derrick & Elzabie Nelson Fotos: Michelle Pretorius



*Elandsrand jeug lede tydens die 2016 Jeugsaamtrek by Klipdraai November 2017.*

En so begin ons laaste kamp van 2016 … Jip … die Jeugkamp, en sekerlik die lekkerste kamp van die jaar, en soos gewoonlik moet ek bieg … ek weet nie wie geniet die jeugkamp die meeste nie … die jeug of ons 'volwasse' jeug. Julle weet wat hulle se 'a pictures says a thousand words' so ek gaan dit maar by julle los om self te besluit wie julle dink die jeugkamp die meestez-geniet het.



*Janine kon haarself nie meer inhou nie?*

Die naweek se verrigtinge het Saterdagoggend begin met n bietjie boeresport, en alhoewel die speletjies vir die jeug was, het 'n klompie ouers besluit om self van die speletjies uit te probeer … vanaf 'pool noodle' gooi tot die 'leopard crawl' en natuurlik het die ouers ons nie teleurgestel nie en het hulle al die speletjies terdeë geniet.

Nadat die jeug in spanne opgedeel is, het die pret begin, die kleintjies het die 'memory game' vreeslik geniet terwyl die groter kinders hulle hand in 'pool noodle' gooi probeer het, en glo my, dit is baie moeiliker as wat dit aanvanklik gelyk het!

Die speletjies wat die meeste geniet was, was defintief die leopard crawl, slippy slide en apple dunking/smartie searching. Die ouers het hulle bes gedoen om 'n modderpoel by die "leopard crawl" te maak, maar met Klipdraai se mooi grasperke was dit so 'n bietjie moeilik … maar nie te min het die ouers gesorg vir 'n nat modderbad!

Die slippy slide het gesorg vir emmers vol seeperige pret vir oud en jonk! Elke span moes 'n emmer vol water maak deur heen en weer met 'n koppie water te loop, terwyl hulle met sponsballe gegooi word … alles sonder om te val en die water te mors!! Wel dit het nie lank gewerk nie, want soos julle weet



*"Pool-noodle" kolskoot!*

volg kinders instrieksies baie streng uit … net sodat die ouers kan kom en alles opvoeter!! Ouers julle kan gerus bietjie by julle kinders hoor hoe om na instruksies te luister!


Heinrich Alberts, onder die net…?

Die "apple dunking, smartie searching" in meel het natuurlik gesorg dat almal soos n muffin in the making gelyk het. Natuurlik was daar sekere ouers wat die versoeking net nie kon weerstaan nie, en het 'n paar kinders … en ouers sleg tweede gekom.

Die laaste sportaktiwiteit vir die dag, was ook natuurlik die hoogtepunt van die dag … die 'colour fest'. Daar is sakkies gekleurde poeier uitgedeel en niemand het teruggehou nie. Dit het omtrent soos n "wild west' paintball game" gelyk (minus die pyn natuurlik). Daar was n paar slagoffers. Elzabie se wit en groen swembroek het 'n oranje en geel swembroek geword, die dames het n "instant" haarkleur gekry en, verbasend genoeg het ek n week later nog oranje poeier met 'n oorstokkie in my ore ontdek.

Na die 'colour fest' is die jeug se aktiwiteite afgesluit met 'n prysuitdeling waar elke kind 'n prys gekry het vir hulle deelname in die dag se pret en plesier. Wat 'n uistekende manier om die kinders te kry om bietjie weg te breek van die daaglise TV of rekenaarspeletjies, tablette, WIFI en selfone! Almal het sommer dadelik in die swembad gaan spring en die dag se sweet en poeier gaan afwas terwyl die 'volwasse' jeug 'n lekker yskoue biertjie/wyntjie geniet het.

Vlooi het bewys dat niks hom gaan keer om tyd saam met sy vriende te spandeer nie, nie eers derdegraadse brandwonde nie. Vlooi het ook gesorg, met Kersfees om die draai dat almal die gees van die seisoen sal onthou deur vir elkeen n chomp te gee **(Christus Help Ons Met Probleme)**


"Like father, like son" Werner en Eldrich met meel gesigte.

Ons dames het sommer dadelik aan die werk gespring en kerstafels begin opmaak, en wat 'n moeilike taak was dit nie vir ons verkoolde ondervoorsitter om 'n wenner te kies nie! Maar teen die einde van die aand het die Robbetze/Schutte familie weggestap met 'n pragtige hamper.


Nog n Pretorius hap "appel-bubbles"


Juan & Sean Pretorius, na die Jeugsaamtrek "Color-fest"

Die aand se Kersfunksie het sommer jolig afgeskop met Kersvader wat 'n draai kom maak het en sowaar in "true dirty dancing style" met die intrapslap ge paaldans het. Gelukkig het Jannie Meyer baie vinnig n stokkie daarvoor gesteek en Kersvader moes fokus op wat belangrik is, "the gift of giving'. Elke familie en kind is geseën met 'n geskenk en lekkergoedpakkie … Elandsrand is waarlik geseënd. Jannie en Petro Oosthuisen se 'Masterchef' span het ons lekker bederf met 'n heerlike spit braai voor die aand se aktiwiteite begin het.

Jannie het soos altyd die beste musiekaand gereël. Noot vir Noot se *moses*. As Elandsrand eers wegspring met 'n pretaand kan niks ons keer nie. Toe die musiek eers begin speel, het oom Leon gou gou die Jeugleier gegryp vir 'n 'uitlokkende' dans. Natuurlik was daar 'n hele paar verrassings met 'stoute' pryse! Op n kol was ek half bekommerd dat ons geraas die medekampers sou pla. **(Vervolg ➡ op bl 8 .)**

interteendeel hulle het gou nadergestaan om te kom kyk wat aangaan. Wys jou net, ons 'party' so lekker dat vreemdelinge wil weet wat ons resep is ... want dit is hoe Elandsrand rol ...

En so kom ons toe aan die einde van die laaste kamp van die jaar ... almal is pootuit gekuier en die kinders lekker bederf. Niks van die pret en bederf is moontlik sonder die ondersteuning en hulp van ons lede nie, sonder julle hulp, sal dit nooit moontlik wees om ons lieflike kinders so te bederf nie.

Graag wil ons julle, die ouers en lede van Elandsrand, salueer vir die bystand, die bydrae, die hulp en die feit dat julle ons vertrou om julle kinders te bederf. Baie dankie lede!! Verder wil ons die Feeskommittee, bedank vir julle advies, geduld en hulp om die naweek 'n sukses te maak ... julle is die beste pelle.

Laastens wil ek Onse Vader in die Hemel bedank vir die beskermde hand wat Hy gedurig oor ons streek, lede en kinders hou. Tot volgende keer ... wanneer ons julle weer lekker kan bederf. *Geredigeer*


"Pick-up Pairs" youth kamp November 2016


Color-fest fun at "Klipdraai."


Meel-gesig, Chane


Amper uit, kruip kruip kruip...


"Ready-steady" eet!


Jessica van Zyl.


"Looks like a pro…!"


*Lettie Meyer*


*Eldrich Scholtz hap appels op Klipdraai*


*Vannaand moet Michelle weer salf smeer aan Adriaan se rug*


*Derrick & Elzabie Nelson, Jeugleiers vir Elandsrand*

# #Holiday Cheer.

## Youth Camp Christmas Dinner, Klipdraai Nov 2016. Teresa Strydom Fotos: Michelle Pretorrius.

Once again it was the time to rejoice and cheer; it was the Elandsrand Youth Camp and annual Christmas tree. And as always Klipdraai Caravan Park just outside Meyerton was to be the chosen venue for this very popular Elandsrand youth rally.



The Youth Camp organizers decided to put out a challenge for the evening proceedings around the annual Christmas tree and Spit Braai. The Elandsrand ladies were challenged to decorate the best ''Christmas themed table''. Once again the ladies were bristling with excitement, as it was time to show how innovative they could be.

The Christmas tree was decorated, the tables placed to ensure that everyone who wanted to be under the tent was accommodated. Like proper campers all you had to do was to arrive with your chair in hand. There was a hive of busy bees. A whoosh of tablecloths, centrepieces, folded serviettes and a clank of cutlery. Everyone wanted to shine and delight and at last it was done, and then there was ''Magic'' the tent was a ''GLOW' with fairy lights, all hues of red green and anticipation. Finally it felt like Christmas, Elander style.

The ladies did definitely not disappoint, there were traditional colour schemes, some decided to go against convention and use their favourite colours, and some tables just sparkled and were ablaze with sparking lights, some were innovative and had used their crafter minds. All I can say was ''WOW'' it was truly a magnificent sight; any one of these ladies could be a magic Christmas elf! *Edited.*






# Kamp soos Tannie Kobie & Oom Leon…

**Toekennings wat by Klipdraai Nov. 2016 ontvang was.** Deur: Arno Alberts



Leon en Kobie ontvang hul 210de Streek Aansporing en spog ook al met hul 325ste Algemene Aansporings plaatjie.



Wikus van Zyl ontvang 'n Streek Ere Meriete Toekenning vir die Elander wat as SAWA se Nuusbrief van die Jaar 2015 aangewys was.



Lai, Rita en Brent ontvang 100ste Streek Aansporing en 100ste Spesiale Streek Aansporing.



Jannie en Alet Meyer onvang hul 10de en 20ste Kampkommandant aansporings.



Louis en Melinda onvang hul 70ste Streek Aansporing.



Derrick en Elzabie ontvang hul Kampkommandant Plaatjie.

*Foto's deur: Nico Zwarts.*




# God is in beheer

Deur: Vanessa Nel

Na 'n besige jaar vol van sy eie uitdagings is ons uiteindellik oppad om heerlike vakansie te gaan hou. Net die wete alleen van geen gejaag en net om bietjie af te sluit van die daaglikse roetine het my al klaar 'n rustigheid gegee.

Oppad na die vakansie oord, probeer ek in my kop so deur die lysie werk net om seker te maak dat alles is in, maar toe my oë skielik die mooi wolke in die lug raaksien, en onthou hoe ons altyd op 'n lang pad saamgespeel het om te kyk watse vorms ons in die wolke kon sien. Soos wat ons verder aanry, kyk ek na al die mooi bome, die pragtige hoë berge, en dink aan elke diertjie wat geplaas is, van groot na klein, en elkeen sy eie spesiefike doel het.

My gedagtes dryf toe verder na die see, en hoeveel verskillende vissoorte en plante daarin is. Hoe pragtige is die skepping nie om ons nie? Hoe wonderlik is ons God, daar is niemand wat met Hom kan vergelyk, daar is nie genoeg woorde om te beskryf hoe groot Hy is nie. Hy wat alles geskape het, en my en jou na Sy beeld gemaak het, Hy het ons hele lewe in Sy hande. Al wat Hy vra is dat ons na Hom toe moet kom net soos ons is, nie een van ons is perfek nie, maar ons dien 'n perfekte God. Hy kyk nie na ons met oë wat oordeel nie, maar met oë van ware liefde.

Ons God is in beheer van die groot heelal, en Hy hou ons in die palm van Sy hand. Wat ookal jou uitdagings vir die nuwe jaar is, wat ookal voorlê wil ek jou graag bemoedig met die volgende versies:

***Psalm: 34:19-20 (DB) "Die Here is naby mense wat hartseer is, Hy gee mense wat moedeloos is, weer nuwe moed. Al tref duisende rampe mense wat die Here liefhet, Hy sal hulle nooit alleen los nie. Uit elke krisis sal Hy hulle red"***

***Psalm: 121:2-3 (DB) "Die Here sal my help. Hy het alles in die wêreld gemaak. Jy sal niks oorkom nie. God pas jou op"***

Gebed:

Dankie ons Hemelse Vader dat U in beheer is, help ons Heer om elke dag meer bewus te wees van U, en die mooi in die lewe raak te sien. Dankie Heer dat ons elkeen vir U spesiaal en kosbaar is, en dat U altyd daar is vir ons. Heer, aan U grootheid, goedheid, liefde en getrouheid is daar geen einde nie, en ons eer U daarvoor. Help ons Heilige Gees om elke dag ons lewens tot eer van God te leef. Ons vra dit in Jesus se grote naam. Amen.

Mag jy in 2017, meer van God beleef en weet dat Hy in beheer is! *Geredigeer*

# SAWA Nuus...
# Gebied Oosrandia.

***Nuus vanaf gebiedsbestuur.*** Cobus Smit



**Elandsrand Embleem**

Die nuwe Eland-bokkop is as embleem gedurende die oop NUB goedgekeur, die plaatjie sal dus ook met die nuwe embleem verander word en bestuur sal die moontlikheid van 'n nuwe wimpel bespreek.

**Presidente 2017**

Tarief vir die Presidente kamp beloop R200/nag vir SAWA-lede en R300/nag vir nie-Sawanante. Elandsrand sal nie hierdie jaar die Bingo aanbied nie en gaan die lede afgee en eerder net 'n finansiële bydraë tot die Nasionale kas maak.

**Gebiedssaamtrek "Bela Bela"**

Die Oosrandia gebiedsaamtrek te Warmbad gaan voort onder die leiding van Elandsrand.

**Nasionaale Saamtrek?**

Daar sal wel 'n Nasionale saamtrek in September (8ste-10de) toe wees en die oord sal op 'n latere datum bekendgemaak word.

**Kongres 2017**

**Die Nasionale Kongres** vind plaas die naweek van 13-15 Oktober by die Ou Skip in Melkbosstrand. Daar sal 3 toere ('n eenmaandtoer, 'n twee weke toer en 'n blitstoer) afgaan na die Kongres toe asook 'n retoerrit met die trein (6 dae toer).

**SAWA het 'n nuwe** samewerkingsooreenkoms met die ATKV bereik met verskeie billike tariewe vir sekere tye van die jaar, en daar word nog met Forever Resorts onderhandel vir 'n soortgelyke ooreenkoms. *Geredigeer*

# Mnr. Die Voorsitter …

**Oktober 2016.** Cobus Smit.

Hallo Elandsranders ,
Die jaar is alreeds in volle vaart en twee kampe is ook alreeds verby. Baie geluk aan Tanya en Arno met die eerste uitgawe van die Elander onder julle redaksie. Dit was 'n baie oulike en suksesvolle uitgawe gewees en ek glo dat almal sal saamstem dat met sulke kwaliteit uitgawes, ons 'n baie goeie kans staan om weer die trofee te wen. Baie geluk aan al ons leerders met julle 2016 prestasies en sterke vir die 2017 skooljaar. Ek glo en vertrou dat almal 'n welverdiende breek gehad het en goed uitgerus die nuwe jaar aangevat het.

Soos oudergewoonte was die November jeugkamp weereens 'n reuse sukses en het die Nelson's dit reggekry om 'n nuwe rekord op te stel in terme van hoe om 'n begroting te blaas. Ons as lede wil vir julle baie dankie sê vir 'n baie, baie lekker naweek, dit was "great" gewees.

Ons skop die nuwe jaar af en kamp by Riverside Beach Club vanaf 27-29 Januarie. Vlooi en Sandra Swanepoel tree op as kampkommandante en verwelkom almal Vrydagaand met lekker verversings en iets te drinke en oudergewoonds met die eerste kamp van die jaar word daar Vrydagaand baie baie laat die nag ingekuier en het Tertius ook weer nie einde nie en hou hy vir Elmarie, Nini, Elzabie, Ursula en Theresa wakker tot in die oggendure.

Saterdag speel ons 'n vinnige speletjie en onverwags tref 'n drankveiling almal teenwoordig en vorder ons 'n vinnige som van R 2 000 wins in vir die kas.

Presidente 2017 is op ons voorstoep en het die eienaar van Klipdraai SAWA weer tegemoed gekom met 'n baie goeie tarief vir die Paasnaweek. Bestuur het gedurende die Januarie vergadering die "Bingo" fondsinsameling tydens die Presidente bespreek daar is besluit om hierdie jaar nie die "Bingo" aan te bied nie en eerder net 'n donasie aan die Nasionale Kas te skenk. Die algemene gevoel is dat Elandsrand baie hard gewerk het tydens die 2016 Kongres en net 'n rustige Presidente-kamp gaan meemaak.

Ongelukkig is daar heelwat leed teenwoordig in die streek by wyse van siektes, afleggings en werksonsekerheid. Ek vra die lede om asseblief hierdie mense in hulle gebede te hou. Sterkte vir diegene wat geraak word en ons glo en vertrou dat alles ten goede sal uitwerk en na lief toe sal verander.
Tot weersiens…
*Geredigeer*

# Antonie sê my naam is "Blertsie die bok"

## Antonie Schutte wen ons "Kry 'n naam vir Bokkie" kompetisie. Arno Alberts.

Tydens die afgelope saamtrek by River Side Beach Club, het Antonie Schutte sy prysgeld, geskenk deur Willa Wolmarans, ontvang. "Kies vir bokkie 'n naam" is baie goed ondersteun, en Redaksie het oor die 48 inskrywings vir bokkie se doop seremonie ontvang.

Daar is na beraadslaging ses name gekies as finaliste. Om die proses so regverdig moontlik te hou, is daar besluit dat Willa die voorreg sal hê om een naam te kies uit die verkorte lys van ses. Willa en Joranie het besluit op "Blertsie" en tydens ons afsluiting is daar bekend gemaak dat Antonie se inskrywing vir die kompetisie gebruik sal word.

Baie geluk Antonie vir hierdie unieke naam en voortaan sal Bokkie bekendstaan as "Blertsie die bok" Verder wil die Redaksie weereens vir Willa bedank vir die kontant prysgeld wat geborg was vir die kompetisie.



*(Regs, Antonie en Willa tydens die afsluiting)* Foto Nico Zwarts



# ’n Tuisblyers Verhaal.

## Onoffisiële Tuisblyers Kamp by Klipdraai Desember 2016. Deur: Arno Alberts



*Laatnag swemkapperjolle tydens die “Tuisblyers” kamp oor Desember by Klipdraai.*

Dis besluit, ons is in en voor ons weet is daar agt waens van Elandsrand bespreek vir ’n onofissiële tuisblyers Klipdraai Kersfees in Meyerton.

Klipdraai was “chock en block” gepak met vakansiegangers en vroegoggend die 18de besluit ek en Adriaan om liefs maar ’n plekkie te gaan uitsoek en probeer reserveer. Baken ons daar ’n prima lappie staanplek vir die tuisblyers af, ongeveer waar ons vir die Presidente ge kamp. Begrensing van staanplekke is teen Klipdraai se reëls, so die volgende oggend saag ek en Mnr. Pretorius weer terug Meyerton toe om ons woonwaens stellig tot die afbakeningsproses toe te voeg.

Ons wa staan, Adriaan se waentjie staan, en elke moontlike tent en “gazebo in ons toerustings arsenaal is opgerig om sodoende ons verkose Desember tuiste so besig as moontlik te laat vertoon. Al wat nou oorbly is Derrick se wa die volgende dag en dan Ek en Ursula wat eerste in sou wees op die 22ste. Die res sou volg oor die volgende paar dae.

Teen die 21ste Desember was ons reeds ’n dag vroeër uitgepak en bier in die hand, toe Adriaan, besluit om ook ’n dag voor die tyd te kom. Hy val daar uit, camper, vrou en saad op tou, reg vir kamp. Die volgende dag, arriveer die Nelsons, gevolg deur die Meyers, Oom Nico en Loraine en die Strydoms.

Jannie Meyer, wat ook intussen homself kom staanmaak, stel ons in kennis dat Tannie Edith en Oom Hendrik oppad is en ons sal moet plan maak met staanplek vir hulle. So kom dit dat op die 23ste Desember Elandrand Tuisblyers sewe woonwaens sterk op Klipdraai staan met Antonie & Tanya Schutte wat ook reeds besig was met wik, weeg en mik vir Meyerton. Kan mens nou vir meer vra as dit.

Nou, hier raak dit moeilik, aangesien ’n tuisblyers kamp, uit die aard van die saak, as ’n onoffisiële saamtrek beskou word, bestaan daar die ongeskrewe reël dat alles wat by ’n tuisblyers kamp gebeur, by ’n tuisblyers kamp bly. In ’n poging tot deursigtigheid, en die beperking van ongewenste, onakkurate "rumours", het die feeskomitee dit nodig geag om sekere “details” van die sogenaamde tuisblyers kamp op Klipdraai vry te stel.

Wat daar aangegaan het, is veels te veel skryfwerk vir hierdie beskeie Nuusbrief, dus gaan ek puntsgewys sommige hoogtepunte hieronder kortliks saamvat. Ek vertou dat die aangehegde fotomateriaal sal bydra tot die oorvertelproses van die betrokke kamp.

<u>**Die Tuisblyers Saamtrek Desember 2016 tot Januarie 2017 saamgevat**</u>.

* Ons was alleen vir ’n nag toe eet ons “ribs” wat nie lekker was nie.
* Adriaan en die Nelsons daag op, dit was lekker, toe drink ons drank en gesels baie.
* Derrick moes gaan werk omrede hy sy verlof by die see uitgemors het. Ons was jammer vir hom en hy moes die hele dag werk, terwyl ons geëet en gedrink het.
* Later het Jannie, “Lettie” en Oom en Tannie Zwarts daar opgedaag en hulle tente opgeslaan. Toe eet en drink ons weer.
* Teresa & Kobus het besluit om hulle hele uitgebreide familie saam te bring. Ek was verbaas “buttercup” die vark het nie ook kom kamp nie.
* Dit was lekker om saam met Kobus te eet en drink, maar hy moes ook saam met Derrick gaan werk.
* Adriaan het ’n stoel verloor en toe was hy baie kwaad. (“no futher comment)
* Ons het vir Snotkop gaan luister op ’n groot verhoog met baie ligte. Gerhard




*Pina Coladas op Klipdraai*

* Steyn en Kurt was ook daar. Kurt het tussen die mense geloop soos 'n normale mens en almal kon aan hom vat maar, dit was moeilik om vir Michelle van die ou af te kry.

* Daarna het ons weer gebraai en geëet. Alet het lasagne in 'n pot gemaak, maar ons was baie honger gewees vir lasagne en toe is daar nie genoeg oor vir Jannie nie. Jannie het toe maar jenewer drink, maar ek weet nie wat hy geëet het nie.

* Antonie en Tanya het ons kom verras en uiteindelik ook besluit om saam te kom kamp. Omdat dit so beknop was moes ons hulle oorkant die pad op een staanplek indruk. PS, Antonie het al ons charcole gesteel.

* Van hulle het ons nie veel gesien nie, die bo dorp mense het maar meestal koffie gedrink en hulle self rustig gedra, terwyl Antonie op ons kole vir hulle vleis gebraai het.

* Toe reën dit vir 'n dag ons het toe natuurlik maar weereens geëet soos konings en gedrink of was dit nou anders om, "anyway" dit was in die reën gewees.

* Toe dit weer reën, vir 'n derde dag ry ons almal na 'n dobbelhuis toe, daar het ons kegelbal gespeel en net Tannie Edith het gedobbel, maar ons weet nie of sy gewen het nie. Sy wil nie se nie?

* Ons eet en drink toe in 'n kroeg waar mens mag rook. Dit was lekker.

* Eendag was daar so baie stormwind en reën dat Adriaan se Gazebo amper weggewaai het, maar hy was nie kwaad nie. Die storm het alles natgemaak en ons het in die water geloop, eet en drink.



*Emerald City Casino, Tannie Edith is nie daar nie?*

* Die storm was so erg gewees, al die Cambell's se musiek instrumente het nat geword, toe kon hulle nie meer konsert hou nie.

* Eenkeer het ons almal gesien hoe Derrick langs die pad piepie, omdat Cobus verdwaal het.

* Ander Kobus en Derrick moes weer gaan werk, ons het vir hulle gewag, en toe hulle huis toe kom het ons vleis gebraai en weer gedrink.

* As dit nie gereën het nie, het ons geswem in die groot swembad, die ander swembad was te vol mense en die water was te warm.

* Oudergewoonte, nooit warm water in die badkamers nie. Net die ouens met storte in hulle woonwaens, was skoon gewees. Partykeer mag van ons wat vuil was ook daar gestort het.

* Eendag by die varkfabriek het ons baie lekker varkvleis gaan koop wat ons toe gebraai het, terwyl ons drank gebruik het. Dit was lekker.

* Charlotte het ons mans se toonnaels pienk geverf, maar nie Oom Nico nie.



*Kersete 25 Desember 2016, Klipdraai Meyerton.*



*Kan jy raai wie se tone is wie...?*

* Ons het "Pina Colada en Margarita gemaak, elke dag en op 'n dag raak die Tequila klaar. Ons het toe maar net Pina Colada gemaak, en gedrink in die baie warm son.

* Kersvader het vir almal presente uitgedeel, daar was baie. Op Kersdag het ons vleis en slaai geëet op 'n groot tafel onder Kobus se tent. Daar was nie genoeg Gammon vir almal nie, een stuk was vrot, toe vries ons dit om later met die slagter te baklei.

* Ons het baie gelag vir Lettie en Tannie Edith. Sy het gesê "Ek "start" nie hierdie stroper op net vir een pap mielie nie"

* Teresa en Kobus het elke dag fiets gery, want hulle wou maer wees.

* Nadine en Nicolaas Louw se musiek was nie mooi nie. Ongelukkig kon ons nie vir Michelle ook dit laat verstaan nie. Sy het die hele aand gedans.

* Kobus Strydom en Charlotte was baie kwaad gewees, hulle moes **(Vervolg op bl 8 .)** ➡

* hulle dogters uit die kake van oorlamse jong mans gaan red, al die pad tot onder by die rivier moes hulle loop. Terese was baie kwaad gewees…lol.
* Ons het almal saamgestem dat die "Floose" se musiek die interessantste was.
* Bier Pong speel is 'n baie gevaarlike speletjie ("No futher comment")
* Ons het geleer dat om 'n Kersfees mussie se tossel te blaas nie gevaarlik is nie dit is net baie snaaks…?
* Ons het gesien as Adriaan baie eet en drink hy soos 'n krap kan loop…!
* Ons het ook agtergekom dat Oom Nico baie daarvan hou as dames op sy skoot sit, so baie dat hy vir hulle almal presente gegee het. Gelukkig nie "swiets" nie…

Op 'n ernstige noot… daar is doodeenvoudig te veel pret en plesier gewees om dit als hier te probeer oorvertel. Weet net in kort, dit was 'n wonderlike tyd saam met goeie vriende. Dit was een van daardie vinnig beplande vakansies wat my altyd sal bybly. Dankie almal. Ek sal Klipdraai 2016/17 nooit vergeet nie.

Tot die volgende tuisblyers.

Ps. Almal is hierdie keer genooi!


Janine en Lettie, speel "Beer-Pong om the wen.


Kerstossel-blaas. Oom Hendrik Bohnen.



Jannie ven Nico braai vleis op Klipdraai,


Derrick Nelson, tussen werksure…?


Elzabie Nelson


Goeie vriende en lekker tye, is wat Elandsrand spesiaal maak.
Arno, Kobus , Nico, Jannie, Cobus Smit, Derrick en Adriaan


Janine Smit, tosselblaser van vormaat!


"WALAPAKAA!, Adriaan Pretoruis



"Kyk my Kersgeskenkie, Michelle Pretoruis


Nog 'n bobaas-blaser, Ursula Alberts


Chane, Jenna en die "Flooze" van Brakpan.


Jannie wat agter Lettie moet skoonmaak.


"n Baie gelukkige Kersvader...lol


Goeie vriende en lekker tye, Michelle, Elzabie, Ursula & Teresa


Adriaan Pretoruis, die oorspronklike " WA-LA-PA-KAAAAAA!

# Kersfees saam met die groot kinders ?

## Klipdraai Tuisblyers Des 2016 tot Jan 2017 Deur: Nico Swartz

Ons besluit om saam met die jonger lede oor die Kerstyd op Klipdraai te gaan kamp, maar ons nie heeltemal alleen nie, Jannie en Alet was ook daar, asook Edith en Hendrik vir so paar dae.

*Nadraai van die grood vloed van 2016 op Klipdraai.*



Daar was nie veel te doen gedurende die dae nie, maar die oord se feesprogram met al hul ster musikante, het daarvoor opgemaak, vra maar vir Arno wat toe Snotkop opgetree het vir 'n wyle terug in tyd gegaan het en hom weer soos 'n agtien jarige gedrae het.

So het die 24ste Desember aangebreek en die "uwe" het Kersvader gespeel vir al die Elander kinders, groot en klein. Ek moet bieg, dit was so lekker om al daardie jonge dames op my skoot vas te hou.

Die "son" kom op oor Kersdag en die wêreld is papnat maar ons kla nie, en gou is dit vergete. Die kerstafels word gedek en ons dertig siele sit onder Kobus Strydom se tent. Die tafels kreun behoorlik onder al die lekker kosse. Warm skaapboud, seekosse tot slaaie en 'n magdom van koue vleis. Op elke stoel was daar 'n geskenkie wat jy kon ruil met iemand anders as jy meer daarvan gehou het nie. Groot pret! Party het hulle persentjies weggesteek, nê Elzabie?

Cobus Smit en Janine daag daar op, net toe Edith kersfader se kershoedtossel blaas om die ding in die lug te probeer hou. Nienie word ook toe net in die "blaas die tossel" stoel geplaas; chaos! Dan praat ek nie eers van die aand swemmery na die beer pongsessie nie en die afgly van die water "glyplank" nie. Terwyl die sonskyndae ten volle benut word, word 'n klein foutjie begaan deur Theresa se suster Charlotte, toe daar "Aftersun" gesmeer word op Theresa se maagvelletjie in plaas van sonbrandroom, nodeloos om te sê hoe rooi daardie magie gebrand het...

So breek die vertoning van die Cambels aan en dit gaan te jolig, maar daar broei 'n storm wat net deur 'n paar raakgesien word....onder andere Arno en van die ouer garde, he he, en ons spaander om by die woonwa te kom met Lorraine wat net hier en daar vastrap plek kry soos die wind en stortreen haar aanhelp. Ons het ons nessie net mooi vas toe die ander daar opdaag saam met een van die grootste reën en windstorms nog.

Almal hou pale en tente vas en wanneer die weerlig slaan, hoor jy net die vrouens skree, pale val en dan los hulle alles en dan 'n gelag ..toe slaan daar weer 'n groot donderslag en statiese elektrisiteit hardloop deur die silwer sonskermseil by Kobus en Theresa se wa, waar Charlotte aan daardie seil se tou vashou en daar val sy op die vloer met 'n paar groot woorde. Statiese elektrisiteit, gelukkig niks ernstig nie, maar almal lag weer en daar's die storm oor.

Nou moet jy jou voorstel. 'n Warboel om jou en almal staan enkeldiep in die water, terwyl Cobus sy beste duikslae uitvoer in die plasse om ons en wat maak ons, Elandsranders, ons kry almal weer opgeslaan en daar word gelag oor die voorvalletjie, want ons is mos ou kampers en kuier om die konka om warm te word voor ons gaan slaap.

Oujaar breek aan en die kunstenaars trek die aand deur tot middernag en al die Elandsranders kom bymekaar en skink 'n glasie sjampanje saam Die nuwe jaar breek aan..en so ook die einde van'n ongelooflike saam kamp met die jonger garde van Elandsrand.

Julle, ons het dit terdeë geniet, maar moet nooit die ouer geslag wegstoot nie. Ons bly jonk, al kan ons nie meer heeltemal bybly met julle manewales nie. Wees verseker die gees wat heers onder hierdie nuwe generasie jongmense is die anker tot voortbestaan en dit word net by Elandsrand ervaar.

Moet nooit dat hierdie vlam blus nie. Ons ouer garde het dit vir die afgelope dertig jaar aan die brand gehou, nou is dit julle beurt om dit voort te sit. Ons kan opreg sê julle is 'n "awesome" groep. Ons kan ons nie indink om ook eendag dalk "eenkant" toe geskuif te word nie, hou ons deel van julle.

Ons vraag is nou. "Wat het julle gedink van die ouer garde?" Laat ons weet. Nogmaals dankie vir 'n lekker vakansie.

*Geredigeer*

# Lief en Leed:

### Vlooi Swanepoel



Vlooi lyk weer deesdae meer na homself, en minder soos ou “Vlekkie”. Meeste van die wonde wat hy opgedoen het na sy brand ongeluk in November 2016 het ten volle herstel. Die wonde aan sy regter arm is byna die enigste letsels wat nog sigbaar is, maar hulle word ook elke dag beter. Ons is baie bly dit gaan beter met jou Vlooi, en nog meer verlig oor die feit dat “Vlekkie” nou iets van die verlede is en ons kinders weer rustig kan slaap. Tanya Schutte

### Erica Alberts



Erica successfully completed her final Primary School grade seven exams and achieved a fantastic six distinctions. Well done, and congratulations. Erica will be attending Grade 8 at Alberton High and we wish her all the best for High School life. Keep it up...!

Arno Alberts

### Vivian van Zyl

Volgens Miems van Zyl was haar eggenoot Vivian van Zyl gedurende Februarie in die hospitaal gewees vir angiogram. Hy is dadelik Sondag 19 Februarie by die Vereeniging Medi Clinic inboek, vir ‘n Quadro vier-aar hartomlynings operasie. Die spesialis reken dat hierdie ŉ baie groot operasie is. Ons vra asseblief al ons lede om voorbidding vir Viv en Miems in hierdie moeilike tyd. “Sterkte Miems & Viv, ons glo dat ons Vader julle sal bewaar en versterk.” Arno Alberts

### Cathleen Strydom



Congratulations! Cathleen Strydom. Completing her second year at UCT studying a degree in Audiology. Cathleen achieved four distinctions for Neuropsychology, Diagnostic Audiology, Diagnostic Audiology in Special Populations and Clinical Audiology. Well done, and keep up the good work. Elandsrand wishes you all the best for the rest of your studies. Hope to hear from you soon.... Arno Alberts

# Die Swanepoels in 2016

Deur: Vlooi Swanepoel.

Einde 2015 is die Swanepoels en Scholtze met vakansie aan die Suidkus. Middernag, en dit is 2016 Ons wens mekaar voorspoedige nuwe jaar toe, want dit kan nie erger as 2015 nie, so het die Swanepoels geglo. Hier volg ons toer deur 2016.



Metaalpryse val soos niemand voorspel het nie, besighede maak toe, ander gaan op kort tyd. My besigheid trek baie swaar, maar ons Glo en Vertrou dat dinge sal regkom.

Ek stamp my bakkie teen ŉ lamppaal wat in die pad gelê het as gevolg van diefstal. Ons bly Glo en Vertrou dat dinge sal regkom.

Ek brand by die werk met ŉ oond wat “backflash” Gelukkig was die oond leeg. Ek brand nogal erg, derdegraadse brandwonde en beland in die Intensiewe eenheid. Ons bly Glo en Vertrou dat dinge sal regkom.

Ons ry met ŉ welverdiende vakansie "yipieee!" By Kranskop “One Stop” eet ons ontbyt en Ninke wil saam met Oupa en Ouma verder ry. Sy sing vir ons “Oupa trap die petrol dat ons vinniger kan ry” ons lag te lekker. Ons vat die afdraai na Klein Paradys Nylstroom en Ninke sing “Oupa trap die briek want ons is nou hier” Ek stop by die hek, druk die knoppie van die interkom, die hek gaan oop en ek trek weg. Ek het nie opgelet dat ek te na aan die interkom gestop het nie, Die gevolg is amper R95 000 se skade aan ons woonwa!! Ons hou toe maar lekker vakansie, al was die weer nie na wense nie. Ons bly Glo en Vertrou dat dinge sal regkom.



2017 breek aan en die jaar begin baie goed vir ons. Ek herstel steeds van die brand en besigheid lyk goed.

Ek wil graag vir almal sê moet nooit ophou Glo en Vertrou nie.

God is Groot en Sy tyd is nie ons tyd nie. Hy is die God van liefde en Hy is Almagtig

Lief en Leed ( Vervolg )

# Liekie an Marc is klaar met tent kamp!

### Angelique en Marc bekom hulle eerste woonwa.

Angelique Robetze

Hi Bees
Hier is 'n foto en details oor waar ons die woonwa gekoop het. Dis n Gypsey 4 1986 model. Ons het dit privaat by Frikkie Oosthuizen van Linksfield gekoop. Ons het die woonwa op facebook koop en verkoop gesien. Dit is heeltemal oor gedoen binne en is "uniquely" us.





*Fotos van die Gypsey 419 "86" model wat Lieke & Marc onlangs aangeskaf het.*

***Groot, groot asseblief! Laat my weet van al julle Lief en Leed. Ons wil baie graag ook spog met ons kinders se prestasies hetsy akademies of ander gebiede. Maar ons kan net inligting wat ons het of van weet in die Nuus Brief plaas. So stuur asseblief vir my enige nuus direk na arno@elift.co.za. of skakel 071 575 5580. Dankie.***

# Gaste, 'n woonwa en toe lede.

### Nuwe Elanders Juandre en Sammy

Sammy Pretoruis



*Juandre & Sammy se Sprite Sprint "Love nest" Welkom julle.*

Ons het as kinders gereeld saam ons ouers gaan kamp en hulle het ons gewys hoe om kers op te steek. Ons het in Mei 2016 ons eie karavaan gekoop en ons kan met alle eerlikheid sê dat kamp nog nooit lekkerder was nie.

Ons heel eerste kamp waar ons met die karavaan gekamp het was by Bosveld Oase. Van hak tot pak, die stress van die eerste keer sleep en die opslaan was alles vir ons Kamp-tasties die opwinding was oorweldigend. Ons het met die AJV kamp amptelik aangesluit. Ons eerste kamp as lede was by die 2016 Jeug-Kamp. Voor dit het ons vir seker meer as 'n jaar lank as gaste gekamp.

Om deel van SAWA te wees het ons nie net 'n kamp familie by gekry nie, maar ook wonderlike nuwe vriende. Ons het sover met elke kamp wat ons saam SAWA gekamp het vreeslik baie geniet en daar is oomblikke wat nie vir goud verruil kan word nie.

**Tannie Marlene Strydom**

Dit is met groot leed en deernis wat ons Elanders vra om asseblief te bid vir beterskap vir Tanie Marlene Strydom. Tannie Marlene is sederd vroeg in Januarie in die Intensiewe eenheid, waar sy behandel word vir ernstige asemhalings problem. En is sederdien gereeld op n ventilator. Volgens Kobus Strydom, haar seun gaan die nie goed met haar nie. Sy is onder ICU toesig en word deurentyds behandel.

Ons almal by Elandsrand bid en vertrou op die Here se genade en bystand vir die Strydom gesin deur hierde baie moeilike tyd. Sterkte en ons dink aan julle.

Redaksie sal julle op hoogte hou van haar toestand, en gereeld nuwe nuus deurgee soos ons dit onvang. Arno Alberts



*Tannie Marlene tydens die afgelope Tuisblyers kamp op Klipdraai. Hier op Kersfader se skoot kry sy haar kerspersentjie*

# Tannie Dana reel 'n "date" in 1999

## 18 jaar huweliksherdenking vir Cobus & Nienie Deur: Janine Smit

Sjoe, dit voel soos gister, 18 jaar het verseker gevlieg. Wat se hulle "time flies when youré having fun". Ek en Cobus ken mekaar al van kinderjare af. Ons ouers was baie goeie huisvriende gewees.

Min het ons geweet dat ons eendag sal trou. Mekaar nie eers regtig raakgesien nie. 'n Paar jaar later, reël Tannie Dana vir ons 'n "date', en dit is asof ek en Cobus mekaar vir die eerste keer sien. Ek sien hy het in 'n baie oulike jongman ontaard nie meer 'daardie stoute laaitjie van jare terug nie, en soos hulle sê, die res was "history".

Hy het my voete onder my uitgeslaan en 18 jaar later is ek nog steeds so lief vir hom soos die eerste keer wat ek dit vir hom gesê het.

Dankie my engel vir die wonderlike man en pa wat jy is, as ek weer kon kies, kies ek jou verseker weer! Met baie liefde jou vrou.



*Nienie en die "oulike jong man op hulle troudag 9 Januarie 1999 in Kemptonpark*

# En dol byt vas vir 32 jaar…

## Jannie en Alet Meyer, 32ste huweliks herdenking Deur: Jannie Meyer

Ek en Alet (Phillips) het mekaar deur Volkspele ontmoet toe ons deur haar ma, ook Alet voorgestel is. Ons het vanaf die staanspoor goed oor die weg gekom en omtrent 3 jaar later vra ek haar om my vrou te word.

Ons is op 16 Februarie 1985 getroud in die Hervormde kerk Alberton -wes. Die onthaal was in die pluimbal saal, langs die Alberton swembad. Dit was 'n wonderlike geleentheid met ongeveer 200 gaste, 'n orkes, spyseniers, baie vriende en familie.

Na 'n wittebrood in Durban en Margate het ons gevestig in Alberton. Ons het vir ongeveer 2 jaar in Brakpan gebly en toe weer terug na Alberton verhuis. In 1988 is ons geseën met tweeling dogters, Tania en Madelyn, en ons familie is met een slag uitgebrei. Wat 'n voorreg. Die 32+ jare wat ons saam deurgebring het, was soms moeilik, soms voorspoedig, soms vermoeiend maar nooit vervelig nie. Wat 'n seën om vir soveel jaar jou lewe met iemand spesiaal te deel.

Dankie Dol.



*Jannie en Dol Phillips op hul troudag, 16 Februarie 1985 uit die Hervormde kerk Alberton Wes.*

# "Pass the Parcel" op "River Side"

## River Side Beach Club Januarie 2017. Deur: Sandra Swanepoel



Dagbreek oor Riverside Beach Klub in Januarie 2017 . Foto : Derrick Nelson

Ons was Kampkommandante vir die naweek, wat maar baie nat begin het.

Gelukkig is daar 'n lekker saal en kon ons Vrydagaand afskop met boekevat en lekker maalvleis en hoender-lewertjies saam met vars rolletjies.

Saterdagoggend lyk na nog reën , maar dit trek oop en die son brand baie lekker. Die swembad kom tot baie se redding. Saterdagmiddag speel ons 'n kort "pass the parcel"wat vir baie pret sorg, 'n suksesvolle veiling van die proviant wat oorgebly het met die Kongres bring 'n welkome toevoeging tot die kas.

Later die aand trakteer die kleintjies ons met hulle eie ingeoefende konsert en maak genoeg geld vir roomys en "chips" wat hulle Sondag koop (ons moes ingang en uitgang geld betaal)

Na die diens en afsluiting is almal baie traag om op te pak. Nog swem en lekker kuier onder die bome sluit die naweek af. Dit was voorwaar 'n lekker kamp om 2017 mee af te skop.

RIVERSIDE BEACH CLUB




Bier-Bom, Marthus de Beer tydens die "impromptu " veiling by Riverside



Kinderkonsert, Riverside Beach Club saamtrek Januarie 2017



Alet Meyer stoei met die vatlappe tydens die "Pase the Parcel"

# Veelsgeluk Liewe Maatjie...!

## Verjaarsdae vir Nov tot Maart




| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| IvanBailie | 03-Nov-53 | Dandre Nel | 09-Jan-97 | | |
| Tanya van Zyl | 07-Nov-77 | Armand Smit | 13-Jan-02 | Ronell Pretorius | 28-Feb-80 |
| Lai Papenfus | 09-Nov-46 | Chante Pretorius | 16-Jan-02 | Willem van Onselen | 29-Feb-52 |
| Vlooi Swanepoel | 17-Nov-59 | Derrick Nelson | 19-Jan-72 | Jannie Oosthuizen | 02-Mar-77 |
| Linda de Beer | 19-Nov-78 | Kobus Strydom | 20-Jan-72 | Kaylie Schutte | 02-Mar-10 |
| Edith Bohnen | 26-Nov-47 | Zelda Botha | 21-Jan-76 | Adriaan Pretorius | 03-Mar-75 |
| Viv Coetzee | 28-Nov-96 | Pieter de Bruin | 22-Jan-67 | Freddie McCrate | 06-Mar-57 |
| Vanessa Nel | 02-Dec-74 | Louis Myburgh | 24-Jan-58 | Chane Nelson | 08-Mar-00 |
| Leon van der Zwan | 03-Dec-52 | Cheryll van Onselen | 31-Jan-79 | Leverne de Bruin | 09-Mar-00 |
| Rieta Papenfus | 07-Dec-49 | Melinda Coetzee | 04-Feb-69 | Joranie Wolmarans | 17-Mar-57 |
| Arno Alberts | 09-Dec-70 | Elzabie Nelson | 11-Feb-72 | Erica Alberts | 19-Mar-03 |
| Ewald Smit | 14-Dec-04 | Nikita Clarke | 12-Feb-02 | Sam Coetzee | 20-Mar-63 |
| Antonie Schutte | 14-Dec-74 | Sammy Pretorius | 14-Feb-97 | Numike Schutte | 20-Mar-05 |
| Cobus Smit | 20-Dec-69 | Heinrich Alberts | 15-Feb-99 | Liebrecht Swanepoel | 22-Mar-69 |
| Charmaine Swart | 03-Jan-61 | Nico Zwarts | 20-Feb-54 | Brian Dampier | 25-Mar-57 |
| Jana Coetzee | 06-Jan-00 | Ursula Alberts | 1-Feb-72 | Zandrie de Beer | 28-Mar-07 |
| Lindie de Beer | 06-Jan-09 | Martie Dampier | 22-Feb-57 | Duan Clarke | 12-Apr-78 |
| Shaun Pretorius | 06-Jan-01 | Amore Oosthuizen | 24-Feb-11 | Alet Meyer | 24-Apr-63 |

# Mieliebrood met Houding

**Deur: Ronel Pretorius**



1 x blik sweet corn (mielies)

1 x blik kondensmelk

1 x 250g self rising flour

'n Knippie sout

**Metode:**

Gooi al die bestandele in 'n bak en meng goed.
Smeer die pot met botter/margarien en sprinkel met van die oorblywende meel.
(Dit help dat die brood makliker uit kom.)
Bak die brood vir 60minute.
Gebruik charcoal en gebruik 10 kole – 6 onder en 4 bo-op die pot.
Toets na 50minute deur 'n mes/vurk in te druk – Indien daar geen deeg aan die mes/vurk vassit nie, is die brood reg.
'n Ander metode om te toets of dit gaar is – "klop" die brood bo-op, as dit hol is, is dit gaar.

# Jy, jou kar, jou woonwa en Wetgewing.

## Jy mag treintjie speel, máár… Wegsleep September 2016



Jy is een van daardie mense wat net nooit genoeg pakplek vir al jou goed het wanneer jy gaan kamp nie. Nou oorweeg jy dit om 'n sleepwa agter jou Penta te haak en treintjie te speel Hartenbos toe.

Kom ons sê eers vir jou wat jy wíl hoor... die Padverkeerswet laat dit wel toe. En jy kan dit boonop met jou EB-rybewys doen.

Nou vir die slegte nuus... die wet is egter só verwoord om voorsiening te maak vir vragmotors en trekkers wat meer as een sleepwa sleep. Wanneer die padverkeersregulasies ten opsigte van die brutokombinasiegewig en die remstelsel van die sleepkombinasie in ag geneem word, raak dit tegnies baie meer gekompliseerd om so 'n treintjie wettig te bestuur.

Om, sê maar, 'n Sprite Swing (brutovoertuigmassa van 1240 kg) én 'n sleepwa met 'n BVM van byvoorbeeld 750 kg saam te sleep, geld die volgende vereistes:

**Die trein:** Die kombinasie van jou motor se voorbuffer tot agter jou sleepwa se nommerplaat mag nie langer as 22 m wees nie. Die kanse dat jou treintjie egter langer as 22 m gaan wees is so te sê onmoontlik.

**Sleepvoertuig:** Die tarra van die sleepvoertuig moet meer as twee ton wees. 'n Toyota Prado, 'n Mitsubushi Pajero of 'n Nissan Patrol kwalifiseer onder meer in dié swaargewig-kategorie. Slepers met dubbelkajuitbakkies moet egter dubbelseker maak want die nuwe Hilux 4x4 weeg byvoorbeeld net-net genoeg. Isuzu se 2.5-dubbelkajuitbakkie (ook 4x4) weeg 1 941 kg. Jy kan dus nie met hom dié treintjie sleep nie. Nie tensy jy iets aan jou sleepwa se remme doen nie.

**Sleepwa:** Jou sleepwa gaan spesiale remme moet kry. As 'n reel word dié tipe sleepwaens sonder remme vrygestel omdat die wet dit nie vereis nie. Maar regulasie 151 bepaal die twee sleepwaens word as een gesien as dit kom by die remme. Sodra jy dus jou sleepwa agter jou woonwa haak, moet die Ventertjie minstens inloopremme hê. Sodra die kombinasiegewig van die woonwa en die sleepwa (dit is totaal van die twee BVMs) jou sleepvoertuig se tarragewig oorskry, moet albei jou sleepgoed diensremme kry. Alta Swanepoel, 'n padvervoerkonsultant, sê om dié rede is die meerderheid treintjies op ons paaie onwettig. Moenie sê ons het jou nie gewaarsku nie!

# Plaatjies, Merietes ensovoorts…

## Streeks en Aansporings Plaatjies, hoe dit werk. Deur: Nico Zwarts

Hier is 'n kort verduideliking ten opsigte van Aansporingsplaatjies, en hoop dit gaan baie van julle vrae beantwoord.

Daar is: Streek, Gebied, en Nasionale plaatjies en natuurlik ander streke se streekplaatjies as jy saam met 'n ander streek sou gekamp het, of as jy dalk oorgeplaas het vanaf 'n ander streek. Wat hier onthou moet word, sou jy oorplaas, bly al jou plaatjies tel asof jy nog by jou "moederstreek" sou wees, dus begin jy nie voor nie, maar gaan eenvoudig net aan. Sou jy bv. SAWA bedank en later weer heraansluit, bly al jou saamtrekke nog in plek asof jy nooit weg was nie, dus begin jy nie weer voor nie.

**Hoe werk die plaatjies?** Wel, jou streek het sy eie besonderse plaatjie en in ons geval is dit die Rooi Elandsrand plaatjie. Elke Gebied het sy eie plaatjie en in ons geval as Oosrandia is daar ook so Rooi Plaatjie wat sê Gebiedsaamtrek, maar daar is ook 'n Gebied plaatjie wat al Oosrandia se streke se embleme bevat. Elk van die plaatjies tel as Streeksaamtrekke, maar mens moet versigtig wees om slegs een Plaatjie te tel per saamtrek want jou Gebied, en jou Streek mag dalk op een saamtrek hul eie Plaatjie uitdeel, dan moet jy net een Plaatjie tel.

**Nou kom daar Nasionale saamtrekke**, soos jou Presidente en andere, hierdie plaatjies is hoofsaaklik blou van kleur. (Daar kan dan ook ander spesiale plaatjies wees soos bv. toe ons die kampkommandante was by die afgelope Kongres (wat ook altyd as algemeen tel), waar Arno se ontwerp met die Eland op, as saamtrekplaatjie uitgereik was, maar geen Presidentesaamtrek en Kongres kan tel vir 'n streeksaamtrek nie. Daar is egter kere waar jou streek in sy jaarprogram 'n algemene Nasionale saamtrek aanbied, en jou streek dit as deel van die streekprogram ingedeel het. Dan kan die streek besluit om sy eie streeksplaatjie ook daar uit te reik. Slegs dan sal dit kan tel as 'n streeksaamtrek. Onthou dit kan nooit vir 'n Presidente of Kongres wees nie.

**Aansporings plaatjies** is dan ook in 2 kleure, rooi vir streek en blou vir algemeen. Jy kwalifiseer om vir elke 10 streeksaamtrekke so rooi aansporingsplaatjie te ontvang, en vir elke 25 algemene saamtrekke 'n bloue te ontvang. Dus loop die rooi plaatjies in veelvoude van 10 (dus 10,20, 30 ens. wanneer jy by 100 saamtrekke kom, kry jy 'n spesiale aansporingsplaatjie wat weer in veelvoude van honderde loop. Jou blou aansporings loop in veelvoude van 25, dus 25, 50, 75 100 ens., en 100 algemene saamtrekke het ook sy eie spesiale plaatjie en is in 'n ander kleur as jou 100 streeksaansporingsplaatjie.

**Hoe tel mens nou jou algemene saamtrekke?** Elke streek/gebied en elke ander streek se plaatjie asook elke Nasionale saamtrek tel almal as algemene saamtrekke, daarom is van groot belang dat jy net een plaatjie tel as jy dalk 'n streek en algemene plaatjie by dieselfde saamtrek ontvang het. Dus tel jou algemene saamtrekke baie vinniger op as jou streeksaamtrekke maar kan jy eers op 25 algemene saamtrekke jou 1ste 25 aansporingsplaatjie ontvang.

**Bo en behalwe al hierdie plaatjies** en aansporingsplaatjies is daar 'n ander reeks plaatjies soos jou kampkommandante aansporingsplaatjie, en hulle is in sy eie kleur en word uitgereik vir elke 10de kampkommandant saamtrek waar jy as sodanig diens gedoen het. Dus is hulle weer in veelvoude van 10.

Kom ons breek nou weg van al hierdie saamtrekplaatjies. By jou AJV word daar dan Sertifikate, Streeks toekennings, 90 en 100% bywoningsplaatjies uitgereik volgens vasgestelde reëls en regulasies waaraan jy moet voldoen ens. Voorts is daar dan ook by ons streek 'n Sportskamper van die jaar, asook Lid Van Die Jaar wat of 'n vrou of man kan wees. Daar is verder Streek Merietes, Ere Streek en Ere Hoër Graad op Streek, Gebied en Nasionale vlak, maar al hierdie toekennings word volgens vasgestelde reëls en vereistes toegeken en voorstelle moet op die voorgestelde manier ingedien word via jou streekbestuur ens.

Maar hieroor kan meer breedvoerig in SAWA se Administratiewe Reëls gevind kan word onder punt 10 bl. 19 – 23). Daar is nog baie ander toekennings wat Nasionaal toegeken kan word en dit is ook vervat is in SAWA se aministratiwe reëls.

Ek hoop ek kon aan julle meer duidelikheid skep rondom hierdie aangeleentheid. *Geredigeer,*




*Voorbeeld van algemene Elandsrand "plaatjies"*

# Jeug Elander

## Oom Derrick sê...




En so kom ons alweer aan die begin van nog 'n nuwe jaar, gevul met onsekerheid en nuwe uitdagings.

Ek sit terug en wonder, wat se uitdaging ek die jaar aan ons jeug wil gee, en dadelik kom die volgende woorde by my op " liefde, respek, vriendelikheid en verdraagsaamheid" iets wat ek gedurig met ons jeug bespreek, en dieselfde woorde wat ma en pa daagliks oor preek..


Liefde, respek, vriendlikheid en verdraagsaamheid, vier woordjies wat 'n omgewing kan skep wat letterlik hierdie wêreld van ons kan verander.

Dit is maklik om ons vriende en familie met liefde en respek te behandel, maar hoe ons vreemdelinge en ander behandel is wat eintelik saak maak.

My uitdaging aan al ons jeug is om hierdie jaar 'n poging aan te wend om vreemdelinge en minder bevoorregtes se 'wêreld' te verander deur hulle met liefde, respek, vriendelilkheid en verdraagsaamheid te behandel.

Kom ons maak 2017 'n beter jaar vir almal!

## sawa Family Crossword




**Across**

4. A male sibling
6. Child of your uncle or aunt
8. Your mother or father's mother
9. A male parent


**Down**

1. A female parent
2. The father of your father or mother
3. Your parent's brother (or the husband of your parent's sister)
5. The sister of one's father or mother or the wife of one's uncle.
7. She shares your parents with you

## How many 8's can you see ?

BBBBBBB88BBBBBBB888B
BBBB8B8BBBBBBBBBBBBBB
BBBBBBBBBBBBBB8BBBBB
BBBBBBBBBBBBBBBBBBBB
BBBBBB8BBBBBBBBBBBB88
BBBBBBBBBBBBBBBBBBBB
BBBBBBBBBBBBBBBBBBBB
BBBBBBBBBBBBBB8BBBBB
BBBBBBBB8BBBBBBB8BB

# Blokraai >





# Woordsoek

## Pret met woorde

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | I | V | E | R | K | Y | K | E | R |
| O | K | Q | R | G | R | R | I | E | S |
| O | A | A | P | U | E | S | U | T | L |
| S | A | L | U | L | G | O | P | E | A |
| T | R | V | V | F | H | S | M | N | A |
| E | T | F | D | L | S | W | A | T | P |
| R | S | A | E | R | R | E | L | K | S |
| L | R | O | M | K | A | S | O | K | A |
| P | K | L | F | L | I | T | S | E | K |
| B | L | I | K | B | O | R | D | E | L |

**KAMPTYD**

blikbord
flits
kaart
koelhouer
rooster
rugsak
slaapsak
tent
verkyker
vuur



# Jeug Elander

Help the Angel find her Angel friend by following through the snowball path.



## FOOD FACT:




**Flip the bell peppers over to check their gender**. The ones with 4 bumps are females and those with three bumps are male. The female peppers are full of seeds, but sweeter and better for eating raw and the males are better for cooking. I didn't know this.

## Inkleur / Colour me.



# Junior "Elander"



Raai, raai, riepa! Raaisels .

So groen soos gras, so wit soos was, so rooi soos bloed en so suikersoet! Wat is ek ?

It's been around for millions of years, but it's no more than a month old. What is it?

Riddles and Puzzles



# Elandsrand Jaar Program 2017

~~January~~

RIVERSIDE BEACH CLUB

~~February~~

STOFDORING

~~March~~

SIONBERG

**April**



13-17

PRESIDENTE KLIPDRAAI

**May**

19-21

ALMEGA

ALMEGA HAMMANSKRAAL

**June**

15-18

Warmbaths A FOREVER RESORT

BELA BELA OOSRANDIA

**July**

28-30

DUBE NIE AMPTELIK
or
RIETFONTEIN ALGEMEEN
or
SAWA NASIONAAL

**August**

25-27

BLOEKOMPOORT

AJV

**September**

22-25



KLIPDRAAI

**October**

27-29

Klein Paradys Caravan Park

KLEIN PARADYS

**November**

24-26



JEUG KAMP KLIPDRAAI

**December**

?

TUISBLYERS

**Dagsê Elandsranders,**

Hier staan ons aan die begin van n splinternuwe jaar, met soveel hoop op wat die jaar sal bring. Een ding weet ek verseker, met Elandsrand in my prentjie gaan hierdie jaar net nog beter en groter wees as die vorige een. Gepraat van groter, moet ek net vir Elzabe en Derrick baie geluk sê met n baie suksesvolle Jeugkamp. Dit is nou groot gaan op n ander skaal. Die kinders se gesenke was sowaar iets besonders, die hele naweek was net onvergeetlik. Ek sukkel tot vandag toe om al die kleure uit my eens spierwit onderklere te was!

Met die oog op die nuwe jaar, wil ek dan ook net van die geleentheid gebruik maak om vir elke Elandsrander n wonderlike 2017 toe te wens.

So baie dinge het gebeur in die laaste drie maande, en dit los my met so baie om te sê, maar so min woordspasie beskikbaar. Maar as ek dan net een woord kan kies, en hom moet gebruik om hierdie laaste paar maande op te som dan sal ek DANKBAAR kies. Ek is opreg dankbaar, dankbaar vir liefde, gesondheid, familie en vriende. En so vreeslik dankbaar vir elke Elandsrander. Elke een van julle lewer n positiewe bydrae tot my lewe, en nie almal kan sê dat hulle geseën is met soveel wonderlike vriende nie. Dit het ek net opnuut besef met die “tuisblyers” kamp.

Ek en Antonie besluit op die nippertjie dat ons wel gaan aansluit by die res van die tuisblyers. Vinnig word daar vir ons ‘n gaatjie gemaak. Volgende stop Cobus Smit daar, ons is eintlik nou ingedruk op sy staanplek. Maar dis mos hoe ons rol by Elandsrand, altyd plek vir nog ene. Cobus slaan op, met n gespartel, want daardie wa is mos hopeloos te groot vir die klein spasie, maar na ‘n hengse gestoei en die hele mannespan van Elandsrand wat help kop bysit en karavaan stoot is Cobus opgeslaan. Hy wil net die rally opsit, oor die beperkte spasie, maar gelukkig vir ons besluit hy om semi-vol tent te gaan.




Ek sê gelukkig vir ons, want na Cobus opgeslaan is en terug huistoe vir Kersfees die volgende dag is, begin dit mos sous. Ons het die hele familie oorgenooi vir kersdag, dit sous en al wat ons het is ‘n Gazebo. Waanheen gaan ons met al ons kos, en mense? “Cobus to the rescue”, hy het mos vol opgeslaan en hulle is nie daar nie, so een oproepie en ons is nou die trotse “illegal squatters” van n helse groot Jurgens tent, toegerus met tafels en stoele! Kuiergaste daag op met sakke vol warm klere, want ons het nie een n warm ding ingepak nie, en so begin ons al ons kos en geskenke onder die Smit tent indra.

Antonie se ma, heel beskeië, vra so ewe “ken julle die mense wat so op julle staan?” Antonie antwoord: “Nee ma, maar moenie worry nie, hulle is huistoe vir kersfees, so ons moet net sorg dat als weg en skoon is voor 1 uur”. Die tannie kry amper n hartaanval, en weier dat ons verder die goedjies aandra. Dit was skreeusnaaks, na so 15 min het ons haar toe maar gerus gestel en n heelike kersfees gehad. Uiteindelik het die Smitte ook aangesluit, en toe kuier ons eers lekker.

Ons staan letterlik bo-op mekaar se stoepe, dit reën en dit is mislik. Jy is nat, koud en dan begin jou grondseil nog so klankie afgee ook. Maar ek sou myself nêrens anders kon sien vir daardie paar dae nie. Kwaliteit tyd, saam n groep bitter spesiale mense.

Dan los ek julle nou met ‘n laaste gedagte, onthou elke dag net presies hoeveel meer ons het as ander, en hoeveel iets so klein en eenvoudig soos n koppie koffie saam ‘n harts vriendin vir iemand anders sou beteken. Kyk verby die negatiewe maak oop jou koffertjie vol klein dingetjies wat jou lewe opkikker en besef opnuut elke dag hoe geseënd jy is.

“I’m too blessed to be stressed”, tot volgende uitgawe.

*Tanya Schutte* tanyab.schutte@gmail.com

**Hi daar beeste…!**

Voor ek weet is die tweede uitgawe van die nuwe Elander op ons. Redaksie wens almal ŉ voorspoedige 2017 toe en bid dat die jaar vir almal net mooi dinge inhou.

Wel, ek hoop julle geniet hierdie Lente Jeuguitgawe van ons nuusbrief. Ek wil eerstens persoonlik vir elke Elandertjie wat vir my so mooi geskryf het se baie dankie sê. Julle het my hart sommer opgewonde gemaak as ek lees hoe baie julle hou van kamp hou saam met Elandsrand.

Ek is sommer baie trots op “julle” al my nuwe en gesoute joernaliste. Baie dankie Jessica Van Zyl, Erica Alberts, Brent Witcomb, Zandrie De Beer, Lindie De Beer, Zjack De Beer, Ewald Smit, Armand Smit, Chane Nelson, Jenna Nelson, Eldrich Scholtz, Ninke Scholtz, Kevin van Zyl en Dean van Onselen, jy is reg my seun ons "parties" is "awesome". Vir Kaily en Numinke Schutte, baie dankie. Julle is waarlik ysters.

Verder wil ek ook vir Cobus Smit, Vanessa Nel, Derrick en Elzabie Nelson, Teresa Strydom, oom Nico Zwarts, Oom Vlooi en Tannie Sandra, Janine Smit, Ronel Pretorius ook bedank vir julle berigte en stories wat in hierdie uitgawe verskyn. Vir Vanessa Nel, baie dankie vir “DIE WOORD” uit jou eie pen en vir ons baie spesiaal.

Ek klink soos die voorsitter van ŉ kerk bazaar reëlingskomitee met al die dankie, dankie. Maar dit is soms nodig om bedankings te doen, veral as soveel mens moeite gedoen het om ŉ bydra te lewer. Dankie Ursula en Metix (PTY) Ltd. vir die pryse wat aan die “Wanted” wenners gegee is. Asook vir Willa vir sy kontantprys en kies van Blertsie se naam. Jiffrou Swanepoel vir proeflees. Ons kan nie een spel nie. Elzabie, dankie vir al die drukwerk, ek weet nie vir hoe lank jy dit sal kan doen voor SANABS jou “fire” oor al die papier en “toner” ink nie, maar vir nou vat ek dit met ŉ smile. Soos die voorsitter van die reëlingskomitee sal sê “ Vir julle hiermee ook dan n spesiale woord van dank. Ha ha ha…

Die Elander gaan nou lekker aan en ek wil almal weereens aanspoor om asseblief vir ons ietsie te skryf as jy die begeerte koester. Elander’s is mense wat baie maklik kan saamspan en van enige ding ŉ sukses maak. Daar is nog twee uitgawes voor ons die vaandels gaan oorgee, en graag wil ons die beste Nuusbrief in SAWA uitgee.

Baie dankie en sien julle by die volgende saamtrek.

Ps, Lees asseblief al die woorde hierdie keer Lettie!

*Arno Alberts.* arno@elift.co.za






## Gevreesde Siektes, en wat om te doen…?

**Vir meer inligting oor lewens versekering , beplanning vir gevreesde siektes en wat OldMutual vir jou kan doen Kontak Willa Wolmarans op 083 408 2202**





# Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie
# South African Caravan Assosiation
# Streek Elandsrand / "Elandsrand" Region

## Streek Elandsrand Bestuur en Kontakbesonderhede

**Voorsitter:** Cobus Smit 18 Kokerboomstraat Brackendowns 1448 Huis: 011-868-2253 (huis) Sel: 083-638-0465 Faks: 011-615-3326
Epos: Cobuss69@yahoo.com

**Onder Voorsitter:** Gerhard Swanepoel (Vlooi) 7 Llandudno 98 Graaff Straat Sonneveld Brakpan Sel: 083 234 4285
E-pos: gswanepoel210@yahoo.com

**Sekretaresse:** Elzabie Nelson Adres: 6 Abberley Gardens 51 Cambornestraat New Redruth 1449 Huis: 011 907 0355 Werk: 011 761 9124
Sel: 082 338 8054 Faks: 086 682 8519
E-pos: Elzabie.Nelson@sanbs.org.za

**Penningmeester:** Werner Scholtz 12 Van Der Walt Straat Dalview 1541 Huis: 083 313 2393 Werk: 011 817 1402 Sel: 082 667 7327
Faks: 011 817 1846
E-pos: scholtzwerner@gmail.com

**Jeugleier:** Derrick Nelson Adres: 6 Abberley Gardens 51 Cambornestraat New Redruth 1449 Huis: 011 907 0355 Werk: 011 761 9227
Sel: 082 877 8187
E-pos: Derrick.Nelson@sanbs.org.za

**Skakelbeampte:** Alet Meyer Posbus 434 Alberton 1715 Huis: 011 902 3860 Werk: 011 907 3212 Sel: 082 825 1211 Faks: 086 276 1892
E-pos: aletmeyer@vodamail.co.za

**Redaksie:** Tanya Schutte 23 Coetzee Straat Minnebron Brakpan 1541 Huis: 011 742 1177 Sel:082 577 2226
E-pos: Tanyab.schutte@gmail.com

**Bate Houer/Senior Burger Verteenwoordiger:** Antonie Schutte 23 Coetzee Straat Minnebron Brakpan 1541 Huis; 011 742 1177
Sel: 072 255 2145
E-pos: Antonie.schutte@gmail.com

### S.A.W.A Nasionale Bestuur Kontakbesonderhede

**Sawa Kantoor**
**Admin Beampte**: Juliana Knoetze
**Telefoon**: 011 918 0699
**Faks**: 088 011 918 0699
**Epos**: sawa@absamail.co.za
**Adres**: Posbus 15448, Impala Park, 1472

**SAWA President**
**Nico Spaumer**
**Sel**: 084 569 2106
**Huis**: 018 293 3960
**Epos**: nicosp@vodamail.co.za

**Nasionale Voorsitter**
**Jurie Dreyer**
**Sel**: 082 776 0128
**Huis**: 011 391 7388
**Epos**: jdreyer@absamail.co.za

**Nasionale Ondervoorsitter**
**André Knoetze**
**Sel**: 082 882 8102
**Huis**: 011 918 1020
**Epos**: andrepro@lantic.net

**Nasionale Sekretaris**
**André Swanepoel**
**Sel**: 082 779 3245
**Huis**: 017 634 4656
**Epos**: aenv.swanepoel@gmail.com

**Nasionale Penningmeester**
**Wynand Theron**
**Sel**: 082 881 7279
**Huis**: 012 332 4873
**Epos**: wynand.theron@avisfleet.co.za

**Nasionale Skakelbeampte**
**Rudi Kleynhans**
**Sel**: 083 789 0930
**Epos**: rudi.kleynhans@nac.co.za

**Nuusbrief Redakteur**
**Mariaan Erasmus**
**Sel**: 082 890 2019
**Epos**: erasmums@gmail.com

**Webwerf**
**Diana Fourie**
**Sel**: 082 940 2612
**Epos**: sawa.saca@gmail.com




## Redaksie

Tanya Schutte 082 577 2226
stanyb.schutter@gmail.com

Arno Alberts 071 575 5580
arno@elift.co.za

*Die Elander word uitgegee deur Elandsrandstreek van die SA Woonwa-Assosiasie. Plasings van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensies impliseer nie noodwendig die standpunt van SAWA nie. Kommentaar en ander redaksionele artikels word deur die redakteur verantwoord.*

*Hierdie publikasie behoort aan SAWA Streek Elandsrand, die Elander Redaksie en enige gekrediteerde, persone, outeurs, grafiese kunstenaars en fotograwe wat se werk hierin mag voorkom. Alle kopiereg en duplikerings van hierdie werk word voorbehou. Geen deel, uittreksel, fotografiese materiaal of grafiese elemente in hierdie publikasie mag in enige vorm gedupliseer word sonder skriftelike toestemming van die Redaksie nie.*

*Rig asseblief alle korrespondensies, navrae en bydraes aan die redakteurs.*

***Besoek ons op Facebook***

https://www.facebook.com/groups/424687670923259/

**Elanderblogg**

https://elanderblog.wordpress.com/

Die Elander
Nuusbrief vir S.A.W.A Streek Elandsrand Boksburg & Alberton







# Titbit on a fitbit…!

## Chinese Doctor rattles the fitness world. Deur: Arno Alberts

**"Take regular naps, and not to spend money on so called activity gizmos like Fit-bit and Apple Watch"** Comments made by Dr. Chin To Fat, Cardio Vascular Surgeon and Professor at the renowned "Me Cut Yu" University Hospital in Tiaching China. These statements made during a televised interview with and guest Dr. Fat rocked the fitness world yesterday during the Annual World Cardio Health Summit held in Mexico.




According to Professor Flabinhips Chairman General of the European Cardiovascular Society, Dr Fat's research is "flawed and inaccurate" He said to reporters that this irresponsible unsubstantiated and unconfirmed statement may lead to a global increase in Humanlazynizz Syndrome and Sitonas Sickness.

Dr. Chin To Fat rebuked these accusations and in turn accused The European Cardiovascular Society of colluding with Technology giants like Apple and Fit-bit Systems in creating worldwide misinformation by orchestrating sales revenue of these devices to the value of $ 500 000 000.00 annually.

Self-made homeopath guru Poradop Satansap from the JUSNAP (Julle Sal Nie Almal Practice) has been provocating for decades that Technology Company's and Health Organisations worldwide have been conspiring and manipulating popular culture and society into fitness trends in order to boost capitalistic gains globaly.

With all this confusion and Mr Satansap urges consumers to rather take Dr. Fat's advice and refrain from physical excursion on all levels. He reportedly suggested that taking up Caravan Camping in places like South Africa where "taking things easy" is highly regarded and practiced religiously on a monthly basis. And that doing so will benefit cardio rhythms and heart conditioning way more effectively, ultimately leading to "rustigheid" as he put it and a prolonged life.




S.A.W.A.
S.A.C.A.